KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

# NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OM 09:00 OP DINSDAG 17 SEPTEMBER 2019 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP

# *MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON TUESDAY, 17 SEPTEMBER 2019 AT 09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP*

## RAADSLEDE

| | | |
|---|---|---|
| MNR | P J SWART | Uitvoerende Burgemeester |
| ME | Z TONISI | Uitvoerende Onder-Burgemeester |
| MNR | G D BURGER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| ME | M OCTOBER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| MNR | J NIEUWOUDT | Speaker |

## AMPTENARE

| | |
|---|---|
| Mnr H Van Biljon | wnd Munisipale Bestuurder |
| Mnr A Jacobs | Direkteur: Infrastruktuurdienste |
| Mnr H Kröhn | Direkteur: Bestuursdienste |
| Mnr G M Moelich | Komiteedienste |
| Mnr B Swart | Interne Ouditeur |
| Mnr B Hayward | Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning |

## 1. OPENING

Die Burgemeester heet die verteenwoordigers welkom en open die vergadering met gebed.

## 2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / *APPLICATIONS FOR LEAVE*

Mnr D O'Neill Munisipale Bestuurder

## 3. ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE

### 3.1 Visplaas Projek: Arniston/Struisbaai

Mnre Davy en Stander doen 'n aanbieding aan die UBK vir die vestiging van die "Arniston Local and Fishing" projek. Die projek behels die kweek en verwerking van vis en perlemoen. Dit sal gemeenskapswaarde toevoeg en word gebaseer op die 2008 "abagold" projek.

Die "aqua kultuur" beginsel sal toegepas word om produksie te optimaliseer. Daar sal egter 'n nuwe omgewingsimpakstudie gedoen moet word waarna 'n Memorandum van Ooreenkoms opgestel word.

***BESLUIT BK106/2019***

(i) Dat die UBK kennis neem van die aansoek.
(ii) Dat die volledige, formele aansoekvorm afgewag word.

### 3.2 Sorteringsaanleg, Bredasdorp

Mnre Rowan Van As en André de Wet spreek die UBK toe om 'n sorteeraanleg vir vaste afval te vestig op die bestaande P & B Kalkwerke se grond. Volgens mnr Van As is die beginsel gegrond op dié van die "Beston Group" (BFX100 model).

***BESLUIT BK107/2019***

(i) Dat die UBK kennis neem van die aansoek.
(ii) Dat die volledige, formele aansoekvorm afgewag word.

## 4. NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING

### 4.1 NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:

20 Augustus 2019

***BESLUIT BK108/2019***

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

## 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE

Geen.

## 6. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER

### 6.1 BRIEWE VAN DANK

Geen.

### 6.2 FUNKSIES VIR DIE MAAND

- 24 Augustus 2019: Mayor Youth Foundation
- 5 September 2019: Consider Cape Agulhas (Raadslid Burger en Komitee word bedank)
- 13 September 2019: Better Together Games
- 16 September 2019: Overberg TV word bekendgestel

- 17 September 2019: Opening van 'n satelliet kantoor te Struisbaai
- 14 November 2019: Consider Cape Agulhas Tourism & Film Destination Summit
- Die Premiersforum word bygewoon.
- "Peace Keepers on Bikes" word bekendgestel.
- Bekendstelling van area H behuisingsprojek (bekend as Park View).

7. **VERSLAE**

**Bladsy**

7.1 **VERSLAG VAN DIE INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Maandverslag | **4** |
| 7.1.2 | Regulasies ten opsigte van privaat boorgate | **4 - 5** |

7.2 **VERSLAG VAN DIE BESTUURSDIENSTE KOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| 7.2.1 | Maandverslag | **5** |

7.3 **VERSLAG VAN DIE FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| 7.3.1 | Maandverslag | **6** |
| 7.3.2 | Quarterly SCM implementation and oversight report: June 2019 | **6 - 7** |
| 7.3.3 | Annual SCM implementation and oversight report: June 2019 | **7** |

8. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

9. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

11. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

12. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUITE**

Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op ***bladsy 8*** van hierdie Notule

13. **IN-KOMITEE VERSLAE**

Die In-Komitee items word vertroulik hanteer.

14. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 11:15

# 7. VERSLAE

## 7.1 INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / *INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE*

### 7.1.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE VIR JULIE 2019 / *REPORT FROM THE DIRECTOR: INFRASTRUCTURE SERVICES FOR JULY 2019*

**DOEL VAN VERSLAG / *PURPOSE OF REPORT***

Oorweging van die maandverslag vanaf die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir Julie 2019. / *Considering the monthly report from the Director: Infrastructure Services for July 2019.*

**AGTERGROND / *BACKGROUND***

Die maandverslag vir Julie 2019 word aangeheg as bylae op ***bladsy 1 tot 27***. / *The monthly report for July 2019 is attached as annexure on **page 1 to 27**.*

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir Julie 2019 aanvaar word. / *That the monthly report from the Director: Infrastructure Services for July 2019 be accepted.*

***AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die “Pavement Management System” en die “Pipe Replacement Policy” so spoedig moontlik aan die Raad voorgelê en gewerkswinkel word.

***BESLUIT BK109/2019***

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

### 7.1.2 REGULASIES TEN OPSIGTE VAN PRIVAAT BOORGATE (DID) (ALLE WYKE)

**DOEL VAN VERSLAG**

Dat die Raad kennis van die verordening ten opsigte van huishoudelike boorgate op privaat erwe binne munisipale gebied.

**AGTERGROND**

Die toekenning van lisensies ten opsigte van waterverbruik word deur die Breede Gouritz Opvangsgebied Bestuursagentskap (BGCMA) gedoen.

Enige aansoek om onttrekking van water uit enige bron of die ontwikkeling van boorgate moet deur privaat persone of plaaslike owerhede aan die BGCMA gerig word.

Skedule 1 van die Nasionale Waterwet 36 van 1998 bepaal egter dat enige waterverbruik slegs vir huishoudelike doeleindes gebruik kan word en nie onderhewig is aan registrasie en lisensiëring nie (sien ***bladsy 28***).

Kaap Agulhas Munisipaliteit se Waterverordening 6303 van 3 Oktober 2005 (Klousule 51, soos aangeheg op ***bladsy 29 tot 45***) vereis slegs dat eienaars die Raad in kennis stel van hul voorneme om ‘n boorgat te ontwikkel op privaat eiendom. Die onus berus op die eienaar dat hy/sy aan die relevante wetgewing voldoen met die ontwikkeling van boorgate.

Boorgate op residensiële erwe wat slegs vir tuinbesproeiing aangewend word oorskry baie selde die toelaatbare maksimum onttrekking waarvoor lisensiëring nie nodig is nie.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Onbekend.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Raad kennis neem van die regulasies.

***AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

***BESLUIT BK110/2019***

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

## 7.2 BESTUURSDIENSTE KOMITEE / MANAGEMENT *SERVICES COMMITTEE*

### 7.2.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE VIR AUGUSTUS 2019 / *REPORT FROM THE DIRECTOR: MANAGEMENT SERVICES FOR AUGUST 2019*

---

**DOEL VAN VERSLAG / *PURPOSE OF REPORT***

Oorweging van die maandverslag vanaf die Direkteur: Bestuursdienste vir Augustus 2019. / *Considering the monthly report from the Director: Management Services for August 2019.*

**AGTERGROND / *BACKGROUND***

Die maandverslag vir Augustus 2019 word aangeheg as bylae op ***bladsy 46 tot 98***. / *The monthly report for August 2019 is attached as annexure on* ***page 46 to 98****.*

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag vanaf die Direkteur: Bestuursdienste vir Augustus 2019 aanvaar word. / *That the monthly report from the Director: Management Services for August 2019 be accepted.*

***AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

***BESLUIT BK111/2019***

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

## 7.3 FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / FINANCE- AND IT *SERVICES COMMITTEE*

### 7.3.1 MAANDVERSLAE: FINANSIES- EN IT DIENSTE VIR AUGUSTUS 2019 / *MONTHLY REPORTS: FINANCE- AND IT SERVICES FOR AUGUST 2019*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir Augustus 2019.

**AGTERGROND**

Verslae word soos volg aangeheg:

| | | |
|---|---|---|
| (i) | **Kantoor van die Munisipale Bestuurder / *Office of the MM*** | **Bladsy / Page** |
| | • Strategiese Dienste / *Strategic Services* | **99 - 113** |
| | • Toerisme & PEO / *Tourism & LED* | **114 - 128** |
| | • Administrasie / *Administration* | **129 - 131** |
| | • Stadsbeplanning / *Town Planning* | **132 - 140** |
| | • Menslike Hulpbonne / *Human Resources* | **141 - 152** |
| (ii) | **Finansiële Dienste en Tesourie / *Finance and Treasury*** | **Bladsy / Page** |
| | • Revenue | **153 - 166** |
| | • Expenditure | **167 - 180** |
| | • Supply Chain and Fleet Management | **181 - 217** |
| | • Information Communication | **218 - 227** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir Augustus 2019 aanvaar word.
*That the monthly reports from the department Finance- and IT Services for August 2019 be accepted.*

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

***BESLUIT BK112/2019***

(i) Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.
(ii) Dat 'n dringende agenda item ten opsigte van uitstaande gelde van Elim Opsienersraad aan die Raad voorgelê word.
(iii) Dat 'n Memorandum van Ooreenkoms met Solution Base dringend aan die Raad voorgelê word.
(iv) Dat die delegasies , met spesifieke verwysing na die verlenging van huurooreenkomste, aan die Munisipale Bestuurder weer aan die Raad voorgelê word vir hersiening (Raadsbesluit 287/2015 – 8 Desember 2015).

### 7.3.2 QUARTERLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE PERIOD ENDED 30 JUNE 2019 (DFS)

The accounting officer must, within 10 days of the end of each quarter, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor. The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(3) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the second quarter from **1 April 2019 - 30 June 2019**, in order to strengthen Council's oversight role.

**BACKGROUND**

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in March 2017 and reviewed during March 2018 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provicial Treasury to give effect to the compliance aspect.

This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

**Committees**

The bid committees are established and are fully functioning according to Council's SCM Policy and the SCM Regulations. The committees are listed below:

- Bid Specification Committee (BSC)
- Bid Evaluation Committee (BEC)
- Bid Adjudication Committee (BAC)

***Detailed information regarding the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report was distributed.***

***MANAGEMENT RECOMMENDTION***

That Council take note of the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 Junie 2019.

***RESOLUTION BK113/2019***

That the management recommendation be accepted as a resolution of the Mayoral Committee.

7.3.3 **ANNUAL SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE YEAR ENDED 30 JUNE 2019 (5/27 - DFS)**

**PURPOSE OF REPORT**

The accounting officer must, within 30 days of the end of the financial year, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor. The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(2)(a)(i) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the year ending 30 June 2019, in order to strengthen Council's oversight role.

**BACKGROUND**

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in May 2018 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provicial Treasury to give effect to the compliance aspect.

This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

***Detailed information regarding the Implementation and Oversight Report was distributed.***

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

That Council take note of the Annual Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the year ended 30 June 2019.

***RESOLUTION BK114/2019***

That the management recommendation be accepted as a resolution of the Mayoral Committee.

## 12. ONAFGEHANDELDE UBK BESLUITE

| Besluit Nr | Onderwerp | Verkorte Besluit | Vordering | Verant-woordelike persoon |
|---|---|---|---|---|
| BK11/2014 | Pad na Suiderstrand (16/3/3/2) | (i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms.<br>(ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel. | ***SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar.***<br>***Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.*** | DSID |
| BK106/2018 | Betaalpunte: Oop tydens etensuur | (i) Verdere ondersoek gedoen word om betaalpunte tydens etensuur oop te hou.<br>(ii) Dat die ondersoek ook uitgebrei word na die Verkeersafdeling. | ***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.*** | |
| BK193/2018 | Paapekuil Eiendomme: Oordrag erwe 2706 en 2764, Struisbaai | (i) Aangesien die eiendom na die Raad oorgedra moet word en in die lig gesien dat Paapekuil Eiendomme gederegistreer is en oor geen fondse beskik nie, word aanbeveel dat die Raad dit oorweeg om die betrokke gelde (R11 640,18) af te skryf ten einde die transaksie te kan finaliseer.<br>(ii) Dat die Raad die oordrag/-kostes sal hanteer. | ***STAAN OOR*** | DFD |
| BK194/2018 | P & B Lime Works: Land and Infrastructure | (i) That Council approve in principle to accept the P & B Lime Works site by mid-November 2018 to avoid vandalism of the site.<br>(ii) That a full financial report be submitted to Council, which also includes the fencing of the new property. | ***In proses.*** | DIS |

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

***BESLUIT BK115/2019***

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

Hierna gaan die UBK "In Komitee" om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2019**

________________________________

**BURGEMEESTER** **DATUM:**